**25 Oktober 2022**

# Familienuus 425

*[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]*

## VANUIT DIE SINODEHUIS

Ek het in die afgelope week drie kerkraadsvergaderings van gemeentes bygewoon. Ek het sommer net weer besef dat ons – wat voltyds in diens van die gemeente of kerkverband is – baie meer waardering moet hê vir die gemeentelede wat hulle aande of 'n oggend ná die erediens of 'n kuier met die gesin prysgee om 'n stuk dienswerk in die gemeente van die Here te lewer. Verder het ek net weer besef hoeveel ywer en vaardighede en belangrike perspektiewe daar is onder diegene wat nie die titel "dominee" dra nie.

Ons eer die Here vir elke lidmaat wat dien en gee en bid...

## GEMEENTES EN LERAARS

Ons bid steeds vir **Nico Swart** van **Skuilkrans** na sy groot operasie.

Baie geluk aan **Carine en Frik Botha** van **Krielpark** met die geboorte van hulle babadogter.

Sterkte aan al die kollegas wat in hierdie dae saam **matriek** skryf!

## GEDRAGSKODE VIR PREDIKANTE

Kollega, as wat hier volg vir jou nuus is, het ek jou uitgevang dat jy nog nie die Familiereëls 2021 of Kerkorde 2019 tot heel agter gelees het nie!

Die Gedragskode vir Predikante van die NG Kerk is 'n baie belangrike dokument. In 'n tyd waar ons al hoe meer hoor dat professionele mense swak morele oordeel aan die dag lê; waar sosiale media 'n platform word waar mense – ook leiers – soms sonder goeie oordeel aktief is; én dat ons as leraars

in situasies kom waar ons met groot wysheid moet optree ten opsigte van vertroulikheid, teistering en finansies, help hierdie dokument ons.

Dit kan 'n goeie gesprek word op 'n Predikante-byeenkoms. Help mekaar hiermee. [en o ja, dis nie so erg dat jy nog nie die Familiereëls dwarsdeur gelees het nie!]

## CMR: DIE OOSTELIKE SINODE SE VENNOOT

Ons is saam met die Christelik-Maatskaplike Raad (CMR) dankbaar oor die uitspraak in die hofsaak tussen CMR Noord (Noordelike Sinode) en die staat. Die uitspraak bevestig dat die CMR 'n prioriteit-diensverskaffer is in die maatskaplike omgewing. Ons sien sommer net weer elke maatskaplike werker raak: ons waardeer julle!

Baie belangrike inligting vir elkeen wat met kinders werk: daar is streng wetgewing oor die aanmelding van seksuele oortredings wat kinders raak. Gemeentes moet seker maak dat kategete, jeugwerkers, leraars, ouers en kinders deeglik hiervan bewus is.

## NAWEEK IN CHRISSIESMEER SE MERE-GEBIED

Waar voëls en paddas saam leef, kom die paddatjie gewoonlik tweede...

Die **Projekspan vir Ekologie** reël 'n naweek vir natuurliefhebbers **25 tot 27 November 2022.** Hierdie naweek is bedoel vir individue en gesinne. **Genesaret kampterrein buite Chrissiesmeer** dien as basis. Ons beoog om voëlkenners en 'n paddakenner saam te hê wat vir ons meer inligting kan gee oor die voëls en paddas wat in hierdie pragtige meregebied te sien is. Ons gaan lekker kuier, vleilande besoek om voëls te kyk en paddas te vang (dis VET pret, glo my!) Verblyf is beskikbaar op Genesaret.

Chrissiesmeer is een van die wêreld se interessantste meregebiede. As 'n mens op Google Earth kyk, sien jy die ongelooflike hoeveelheid panne/mere in hierdie omgewing.

Chrissiesmeer is op die waterskeiding van Suid-Afrika geleë. Vier groot rivierstelsels ontspring hier, te wete die Vaal-, Komati-, Olifants- en Usuturiviere. Die meer self is die grootste natuurlike varswatermeer in Suid-Afrika en beslaan ongeveer 1500 hektaar.

Hierdie gebied is wêreldwyd bekend vir die ryk voëllewe wat hier aangetref word. En waar daar water is, is daar paddas. Verder kom hier 'n ryke verskeidenheid inheemse plante, onder meer grond-orgideë, voor.

Om solank jou plek te bespreek, kontak so gou as moontlik vir Tersia Petzer by ontvangs@sinoos.co.za / 012 804 9543. Inskrywingsvorm is hier beskikbaar.

## VIR ONS FINANSIËLE BEAMPTES SE AANDAG

Finansiële beamptes word herinner dat die **Werkgewer Tussentydse Versoeningsverklaring (EMP501),** beter bekend as die SARS Rekonsiliasie, verskuldig is teen **31 Oktober 2022**. Lees meer hieroor in die ingeslote dokumente.

## PRODUKTE en TOERUSTING

Lourens Bosman stuur inligting oor 'n post-doktorale studiebeurs in die **Departement Praktiese en Missionale Teologie** aan die Universiteit van die Vrystaat.

**Excelsus** is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za .

Die Algemene Sinode het 'n nuut opgedateerde weergawe van die **Bestuursgids vir gemeentes, kerkrade en kerkkantore** beskikbaar gestel. Hierdie is 'n administratiewe handleiding oor alles van personeelsake, vergoeding, diensooreenkomste en dissiplinêre prosesse. Dit is op ons webwerf beskikbaar asook by hierdie skakel.

**Bybel-Media** gee inligting oor hulle kategese-produkte asook oor Bybelmaand. Bybel-Media se produkte word saamgestel deur taakspanne van die Algemene Sinode wat baie ure se navorsing en dinkwerk en skryf hier insit. Uit ons Sinode het ons goeie verteenwoordiging op hierdie spanne. Hier is hulle wenke vir groepleiers.

**Jurgens de Jager** van **Witrivier** stuur vir ons die skakel na hulle aanlyn-boekwinkel

https://prokurio.co.za/product-category/bybelstudies/ng-nooitgedacht/?lang=af

## UIT ONS SINODEHUIS

**Willem Esterhuizen** van Witbank-Panorama is aangewys as Kerkregkundige van Oostelike Sinode. Baie dankie, Willem!

**Ringe** wat in hierdie of die komende weke vergader, moet asseblief hulle getekende sakelys en notule aan argief@sinoos.co.za stuur vir veilige bewaring. Gee ook vir ons die name van die Ringsdiensraad vir die volgende termyn.

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Leraars en kerkkantore kan met groot vrymoedigheid die **personeel** kontak om advies, raad, hulp, ondersteuning – ons help graag. Die personeel is in die Sinodehuis op hulle pos. Ons telefoonnommer is 012 804 9543.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat tot 7 November verjaar.

## PREDIKANTE

25 Oktober - Ryk van Velden, Krugerwildtuin
26 Oktober - Emile Rademeyer, Doornkloof
27 Oktober - Jaco Strauss, Nelspruit
28 Oktober - Otto van Heerden, Phalaborwa
30 Oktober - Peter Malan, kerksondermure
1 November - Chris Jacobs, Komatipoort
5 November - Danie Langner, Lyttelton
7 November - Paul Joubert, Wakkerstroom

## EMERITI

25 Oktober - Jacob van der Merwe, Ohrigstad 2012
26 Oktober - Bennie Wolvaardt, Pretoria Oosterlig 2010
28 Oktober - Louis Brittz, Silvertonkruin 2007
29 Oktober - Peet Grobbelaar, Moreletapark 2011
30 Oktober - Johann Voges, Chrissiesmeer 2019
5 November - Hendrik Saayman, Moreletapark 2017

## GEMEENTES

26 Oktober - Carolina (133)
26 Oktober - Rietkuil (54)
29 Oktober - Kloofsig (58)
29 Oktober - Valleisig (33)
31 Oktober - Middelburg-Kanonkop (49)
1 November - Komatipoort (60)
2 November - Oostelike Sinode (43)
3 November - Malelane (66)
5 November - Ermelo (152)
6 November - Oosterlig, Pretoria-Oosterlig (47)

***Francois Retief***
***Uitvoerende Amptenaar***
uitamp@sinoos.co.za

NOTA: INDIEN U WIL UITTEKEN EN NIE MEER DIE FAMILIENUUS WIL ONTVANG NIE, KLIEK HIER.

VRYWARING: Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieer of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is.
Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful.
Please immediately contact the sender if you have received this message in error.